**22 Februarie 2014**

**Skrif- en fokusgedeelte: Psalm 69**

**Die Here sal my nie verlaat nie**

Hierdie psalm is ’n roepstem uit diepe benoudheid. Die psalmdigter is soos iemand in diep modder of diep water, wat nie meer sy kop bo kan hou nie. Hy is moeg van sy hulpgeroep tot God. Sy vyande is ’n oormag en hulle wil met valse beskuldigings sy besittings en sy lewe hê.

Hy bely teenoor die Here dat hy sonde het en smeek dan dat dit tog nie vir ander gelowiges ’n struikelblok sal wees nie. Hy is egter nie skuldig aan die beskuldigings wat teen hom geslinger word nie. Hy word beledig en verstoot oor sy liefde vir die Here en sy huis. Almal spot met hom oor die erns van sy verhouding tot God. Almal spot hom, maar hy vertrou op die Here se groot liefde en barmhartigheid en roep na die Here om hom te kom red.

Die skrywers van die Nuwe Testament het hierdie roepstem van ’n regverdige lyer as die voorafskaduwing van die lyding van Christus gesien. Naas Psalm 22 word Psalm 69 die meeste in die Nuwe Testament aangehaal. Dit word dikwels op Jesus se lyding toegepas. Psalm 69:5 handel oor die talle vyande van die regverdige lyer; in Johannes 15:25 word hierna verwys wanneer Christus oor sy talle vyande praat. In Johannes 7:5 sien ons dat sy eie broers nie in Hom geglo het nie (verwys na Ps. 69:9). Jesus se lyding word as vervulling van Psalm 69:21-22 aangeteken (Matt. 27:24; Mark. 15:23; Luk. 23:26; Joh. 19:28-30).

Ons kan leed verdra met die troos dat Jesus Christus van God verlate was, sodat ons *nooit*, ook in ons grootste benoudheid, deur God verlaat sal word nie!

Sing: Skrifberyming 7:3, 4

Dr. F (Frans) van der Walt (Emeritus)